
Gereformeerde kerk **Magol**




"En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie".
Kol. 3: 23

| | | |
|---|---|---|
| Eredienstye op Sondae: 10:00 | Kantoorure: Maandae, Dinsdae & Vrydae: 08:00-13:00 *(gesluit tydens skoolvakansie)* | |
| Kantoor no: 079 804 5542 | E-pos: admin@gerefkerkmagol.co.za | Webblad: www.gerefkerkmagol.co.za |

***DATUM:*** *20 Oktober 2024*

---

## Kollektes

**Vandag**
**Swart sakkie:** Inst van die erediens
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

**Volgende week**
**Swart sakkie:** Instituut vir Christelike onderwys
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

---

## Diensbeurte

**Vandag:** Ow. 12, Ow. 14 & Ow. 16

**Volgende week:** Ow. 17/19 & Ow. 18

---

## Skinkbeurte

**Sondag 20 Oktober:**
**<u>Onverwacht 12</u>**
Loraine van der Watt, Loulah van der Watt, Lisa van der Watt & Vanessa du Plessis.
**<u>Onverwacht 14</u>**
Lanie du Plessis, Rina Pelser, Marita Pelser, Annemie Pretorius, Martie Smit, Martie Venter & Magdeld du Plessis.
**<u>Onverwacht 16</u>**
Nelia Smith, Nicolien van Staden, Petronel Pelser, Lettie Erasmus, Elize Helberg, Alta Jordaan & Tahlita janse van Rensburg.

**Sondag 27 Oktober:**
**<u>Onverwacht 17/19</u>**
Eunice Anders, Barbara Anders, Hannetjie Beetge, Ansie Booysen, Brenda Bridges, Anze janse van Vuuren, Clarice Schutte & Tinka Steyn.
**<u>Onverwacht 18</u>**
Dalize du Plessis, Malize du Plessis, Carina Geyer, Zelda Joubert, Annetjie Venter, Elmarie Venter & Ina Vermaak.

---

## Verjaarsdae... vir **komende week**

| | | |
|---|---|---|
| 20ste | Cornet Eloff | Tinet |
| | Richann Lehmann | Ell. 03 |
| | Louw Swanepoel | Ow. 11 |
| | Theunes van Staden | Ell. 05 |
| 21ste | Leonize Wagener | Ow. 04 |
| | Martie Wolfaardt | Tafelkop |
| 24ste | Hennie Steyn | Ow. 17/19 |
| | Weidie Weideman | Ow. 04 |
| 26ste | Nicolien van Staden | Ow. 16 |

*Mag die seën van die Here op jou rus in jou nuwe lewensjaar sodat die meetsnoere vir jou op lieflike plekke val en jou erfenis mooi sal wees!*

Preekvoorligting Sondag 20 Oktober 2024

**Sing:** Ps. 150:1,3; Ps. 107:1; Ps. 25:6,7; Ps. 71:1,2; Ps. 118:1,2

**Lees:** Matt 16:13-23.

**Teks:** Matt 16:17-19.

**Tema: God bou sy gemeente onvernietigbaar op die belydenis van Jesus Christus sy Seun.**

*God openbaar Christus.*

In die omwandeling van Christus op aarde het Hy deur sy woorde en dade verkondig dat die koninkryk van God naby gekom het. Christus is die gesalfde wat as koning in die ryk van die Vader optree. Met hierdie tema in gedagte vra Christus nou sy dissipels wie hulle sê Hy is. Petrus antwoord duidelik dat Hy die Christus is, die een wat as gesalfde kom om die koninkryk van God te vestig en te herstel. Hierdie belydenis van Petrus is nie iets wat hy self bedink het of wat ander aan hom vertel het nie, maar dit is wat die Vader deur sy Gees aan sy kinders openbaar. Die wat hierdie openbaring ontvang is salig.

*Christus bou sy gemeente.*

Die gevolg hiervan is dat Christus sy gemeente op hierdie hoeksteen van Petrus se belydenis sal bou. Die rots weerspieël ook in die naam wat Petrus ontvang. Dit is nie omdat hy  besondere persoon is nie, maar omdat hy begenadig is om die openbaring van Christus as die seun van God kon ontvang. Die bouwerk van Christus dra ook  besondere karakter in die wete dat sy bouwerk onvernietigbaar is. Hy sal die werke van sy hande nie laat vaar nie en hy bewaar en beskerm sy gemeente in tot by die wederkoms. Hy is die hoeksteen en waar die waarheid van sy evangelie woord verkondig word sal die kerk altyd onder die beskerming van Christus wees.

*Die gemeente hanteer die sleutels van die koninkryk.*

Wanneer ons hierdie dinge hoor mag ons moontlik onder die indruk wees dat die gemeente eintlik passief in sy eie bestaan is. Ons mag moontlik dink dat ons maar net rustig met ons lewe kan voortgaan want hierdie gemeente sal tog altyd bestaan. Christus leer egter dat Hy in sy bouwerk juis die sleutels van die koninkryk aan sy kerk gee. In die eerste plek wys dit op die geweldige roeping van die ampsdraers om in gehoorsaamheid aan die Here se woord in die midde van die gemeente te regeer, maar dit wys ook op die verantwoordelikheid van elkeen van ons oor mekaar te waak en mekaar met die waarheid van die evangelie te bedien.